

September 2024

SSK

wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Jeremia 29:1 "Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teëspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting".



Foto: Anel Norrier

'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG / A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT



Ek doen graag verslag oor die direksie se werksaamhede oor die afgelope jaar en die visie wat ons as 'n span vir SSK en sy lede het. Landboubesighede soos SSK is onmisbaar in die werking en uitbou van die landbousektor in Suid-Afrika. Ons is daar om ons lede en kliënte se besighede te dien en die ideale platform te skep vir bestendige groei. Sonder u ondersteuning kan ons nie funksioneer nie.

We are grateful to report that our membership number is steadily growing and our stable client base once again contributed to positive results in the 2023/2024 financial period.

SSK het aansienlik gebaat by 'n beter landbou-seisoen as dié van 2022/23, met 'n toename in waarde van sake gedoen van R478 miljoen en 'n bedryfswinsgroei van 22,7%.

Die meeste afdelings het beter presteer op bruto- en netto wins vlak. Hierdie toename kan toegeskryf word aan verhoogde aankope van heelgoedere deur lede en 'n groter graanoes van 444 000 ton wat hanteer is.

SSK is currently able to handle a grain harvest of 500 000 ton, which will impact positively on future growth for us as a roleplayer in the grain industry. We, as the SSK Board, trust that the added investments in most divisions will ensure the availability of the right products at fair prices

and at reasonable terms. SSK is focused on increasing our market share and the new Distribution Centre at Herold, as support for the Agriland brand, is an important first step in optimising stock management, improving product availability and ensuring the best prices for our clients.

In groepsverband het Soill, Technifarm, Eureka Meulens en Tuinroete Agri positief bygedra tot die winssyfer en produkte van filiale soos Soill (B-Well) en Eureka Meulens het reeds 'n huishoudelike naam by die verbruiker geword.

Ons personeel is seersekerlik een van SSK se kosbaarste bates. Die rekord prestasies van bedryfsafdelings en filiale dien as bewys van die suksesvolle pogings om 'n beter werksomgewing te skep. Opleiding bly 'n voortdurende fokus, en ons is oortuig dat dit sal bydra tot nog beter dienslewering. Bestuur se fokus is om 'n ingeligte, hardwerkende, en toegewyde personeelkorps daar te stel wat die belange van lede en klante altyd eerste stel.

Hierdie tyd van die jaar is dit altyd moeilik om 'n kans te waag oor hoe die nuwe finansiële jaar vir ons produsente sal uitspeel. Die landboutoestande is ideaal en skep 'n goeie basis vir hoë graanopbrengste. Insetkoste bly egter hoog en doeltreffende kostebestuur op plaasvlak sowel as in die breër ekonomie is noodsaaklik. Produsente moet ook bedag wees op die impak van klimaatsverandering wat toenemend sigbaar word in ekstreme weersomstandighede regoor die wêreld. Die tafel is gedek vir groei en dit moet die dryfkrag wees vir die ontwikkeling van ons ekonomie en die uitbou van die landbousektor om te verseker dat noodsaaklike buitelandse valuta bly vloei. Dit behoort by te dra tot werkskepping en hopelik voorspoed vir Suid-Afrikaners.

Ons eer ook ons Hemelse Vader wat SSK en sy lede in sy handpalm hou, wat ons weë ken en ons deur dik en dun bystaan. Mag ons in die komende jaar sy nabyheid ervaar, in ons suksesse en teleurstellings, en mag nederigheid ons grootste deug wees hier aan die Suidpunt van Afrika.

SSK Groete / SSK Greetings

- Dirk van Papendorp
Voorsitter / Chairman

HOOFBESTUUR TOEKENNING 2024



V.l.n.r: Japie Jacobs (Algemene Werker: Heidelberg Silo), Pieter Malan (Hoofbestuurder: Graandienste), Isak Lotz (Produksie Voorman: Karringmelksrivier Veevoere), Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte), Onnae Seconds (Admin Beampte: Mosselbaai Krediteure), Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin), Rudi Fick (Snr Adminbeampte: Agriland Aankope), Conrey Alman (Winkelbemarker: Agriland Swellendam) en Francois Loots (Hoofbestuurder: Kommersieël).

JOHANNES JOUBERT VAN KWEKKRAAL, RIVERSDAL

FOKUS OP: SSK LEDE



V.l.n.r: Rika, Korine, Annatjie (Johannes se ma), Anja en Johannes Joubert.

As jy 'n pa van twee pragtige dogters is, moet jy fiks wees en goed kan skiet. Johannes Joubert voldoen gelukkig aan albei hierdie vereistes, want hy is 'n jagter en fietsryer van formaat. Met my besoek aan Kweekkraal middel Junie was hy juis besig om voor te berei vir die Around the Pot- en Trans-Baviaans fietswedrenne.

Johannes en sy broer Geoffrey is die 5de geslag Jouberts wat op Kweekkraal boer. Johannes was 'n Valentynsbaba en sy vrou Rika vertel dat oupa Geoffrey altyd gespot het dat alles wat sy kleinseun doen, hy goed doen. In sy woorde: "As Johannes 'n boemelaar sou wees, sou hy 'n goeie een wees".

Die 3 vrouens in Johannes se lewe is ooglopend trots op hom. Hulle vertel dat hy 'n roetine-mens is wat elke oggend skuins na 5:00 al op-en-wakker en slaggereed is om sy dagtaak te begin. Saans trek hy dadelik sy werksklere uit, stort en sit voor die vuur met die honde en katte op sy skoot.

Johannes en sy vrou Rika is albei gebore en getoë Riversdallers. Sy, op Hoërskool Langenhoven en hy, 5 jaar ouer, op Hoër Landbouskool Oakdale. Johannes vertel tong-in-die-kies dat dit vir hom liefde met die eerste oogopslag was, maar Rika kap teë dat hy nog "altyd vir haar so aantreklik was", maar sy het eers "nie aan hom gedink aan haar kant van die werf nie".

Rika en die dogters Anja en Korine is kranige perderuiters. Albei dogters het al Protea-kleure verwerf. Korine is onlangs aangewys as die kaptein van die Junior Protea-span. Sy en haar span gaan vanaf 7-10 Oktober Suid-

Afrika in New Orleans verteenwoordig in die Junior 5-gang Ruiterskuns. Ma Rika is van kindsbeen af ook 'n kranige ruiter en vergesel die dogters na plaaslike skoue en internasionale kompetisies. Johannes verkies 'n fiets, want "'n fiets eet nie en het nie 'n hart nie".

Die boerdery op Kweekkraal bestaan uit 'n graan- en vee afdeling, waar wisselbou tussen kontant gewasse (koring, gars en canola) en lusern weidings vir die merino skape, volhoubaar toegepas word. Geoffrey hanteer die vee en Johannes die graan. Die toepassing van die nuutste tegnologie en vernuwing in die boerdery is vir hulle ononderhandelbaar.

Selfs as dit nie reën nie, bly ek optimisties.

Johannes is sedert 2012 direkteur van SSK en hy dien die Raad en die Lede sedertdien met oorgawe. Hy is ook tans die Voorsitter van die SSK Graan-Opbergingskomitee. Soos alle suksesvolle boere is hy 'n optimistiese, "maar realistiese" boer wat glo in die toekoms van boerdery in Suid-Afrika. "Selfs as dit nie reën nie, bly ek optimisties. 'n Man doen maar wat hy moet doen, en dan glo en hoop ek maar".

Ek het lekker gekuier op Kweekkraal met Johannes en die drie vrouens in sy lewe. Hy is 'n vol-glas man, wat die lewe met albei arms aangryp.

- Annelie van Wyk
Senior Bestuurder: Bemaking en Kommunikasie



LE ROUX VAN WYK

Werkwinkelbestuurder, Riversdal

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is 'n boorling van Riversdal waar ek my skoolloopbaan by lenkel Dienkel pre-primêr begin het, daarna Laerskool Volschenk en toe Hoër Landboukskool Oakdale. Ek is daarna Kaap toe is om meganiese ingenieurswese te studeer en 'n loopbaan daarin te volg.

My vrou, Stephanie, is ook uit die SSK-gebied. Sy het op Stilbaai grootgeword en op Hoërskool Langenhoven gematrikuleer, waarna sy onderwys studeer het en by De Tyger in die Kaap skoolgegee het.

Ons is geseën met 'n pragtige 6-jarige rookop seuntjie wat my motiveer om elke dag 'n beter weergawe van myself te wees. Adriaan was eers by 'n plaasskooltjie net buite Durbanville, maar het hierdie jaar by lenkel Dienkel aangesluit. Adriaan sê 'n kind se werk is om te speel en hy is versot op LEGO. Ons wortels is dus diep geanker in die omgewing en ons is dankbaar vir die geleentheid om weer terug by die "huis" te wees.

WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons glo in kwaliteit tyd en dit is 'n groot voorreg om na 10 jaar weer naby ons ouers te wees. Ons spandeer graag tyd saam met hulle.

Ons geniet ook gesinstyd in die natuur, soms so eenvoudig soos 'n draai stap op die plaas, maar piekniek by die see is een van ons gunsteling tydverdrywe. Ons is baie lief vir koffie en geniet dit om nuwe plekkies te ontdek waar ons 'n Latte of Cappuccino kan geniet. Ons gesin is ook groot Formule 1 aanhangers.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Tydens my laaste jaar van studies het ek vakansietye by Equalizer gewerk en enige algemene werk in die fabriek gedoen om 'n voet in die deur te kry. Dit het daartoe gelei dat ek een van die eerste ingenieurs was wat 'n internskap by Equalizer voltooi het.

Ek het vinnig gevorder van Tekenaar tot Ontwerper van fabriekstoerusting en later van nuwe koring- en mielieplanters. Uiteindelik het ek die ontwerp kantoor bestuur waar ek alle planterspesifikasies vasgelê het en ontwerpe in die vervaardigingstelsel ingebring het.

Met Equalizer se groei as internasionale maatskappy, was ek verantwoordelik vir nuwe markte soos Oos-Europa. Ek is tot Produkondersteuningsbestuurder bevorder, verantwoordelik vir die Produkondersteuningsafdeling, bemarkingsinisiatiewe, en die implementering van nuwe tegnologieë in die bedryf.

In Desember 2023 het ek by SSK aangesluit as Werkwinkelbestuurder op Riversdal om die nuwe Meganisasieafdeling op die been te bring. Ek het eers as instaan-Werkwinkelbestuurder op Heidelberg uitgehelp, wat my die geleentheid gegee het om SSK se stelsels deeglik te leer ken.

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Alhoewel my loopbaan by SSK nog kort is, is daar al baie geleenthede. By Equalizer is ek trots op verskeie prestasies en toekennings. 'n Hoogtepunt was om Equalizer by AGRITECHNICA in Duitsland, die wêreld se grootste skou vir landbouthoerusting, te verteenwoordig.



V.l.n.r.: Stephanie, Adriaan en Le Roux van Wyk

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek het 'n passie vir landbou, nuwe tegnologie en innovasie, en beskik oor sterk probleemoplossings-vaardighede en die vermoë om buite-die-boks-oplossings te vind. Ek is 'n toegewyde individu wat uitdagings geniet.

Oor 5 jaar wil ek met trots terugkyk en weet dat ek met my ervaring en vaardighede 'n waardevolle bydrae tot SSK gelewer het en die organisasie gehelp het om te groei en te ontwikkel.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My pa het gesê: "In die lewe moet 'n mens net eers hard werk en dan sal die ander goed alles in plek val." Nog 'n paar gesegdes wat ek deurlopend opgetel het, is: "Vra is vry, foute kos geld" en "Enige iets wat die moeite werd is om gedoen te word, is ook die moeite werd om reg te doen."

WAT WEET MIN MENSE VAN JOU?

Ek het 'n passie vir vervaardiging en geniet dit om besig te wees met houtwerk, staalwerk of 3D-ontwerp op die rekenaar wanneer ek kans kry. Ek en my vrou het op skool ontmoet en is hierdie jaar al 10 jaar getroud! Ek hou van navorsing, veral oor nuwe tegnologieë en innovasie. Dit lei daartoe dat ek net genoeg weet om gevaarlik te wees oor 'n verskeidenheid onderwerpe en industrieë.

PLAASMEISIES WÉÉT VAN!



SSK-lid, Johan en Marjo van Dyk, van Karringmelksrivier distrik se dogter, Jo-anè van Dyk, maak ons só trots!

Ons harte is groen en goud!

SSK DIREKSIE 2024-2025



V.l.n.r agter: Adriaan Steyn, Johann Muller, Johann Reinecke, Thys Odendaal, Jonathan Barry. Middel: Thys Streicher, Johannes Joubert. Voor: Pieter de Jager, Schalk Viljoen (Onder-Voorsitter), Dirk van Papendorp (Voorsitter), Hampie Lourens.

SSK VERWELKOM NUWE DIREKTEUR: PIETER DE JAGER



Pieter de Jager het grootgeword op die plaas Swartklip in die Albertinia omgewing. Hy matrikuleer in 1997 aan die Hoër Landbouskool Oakdale waarna hy sy N.Dip asook B.TECH en M.TECH grade in Landboubestuur by NMMU verwerf. Hy is getroud met Marié en het 3 kinders Pieter, Adriaan en Marelize. Alhoewel hy eers die sekondêre landboubedryf wou betree, het sy liefde vir die natuur en sy passie vir entrepreneurskap hom plaas toe gelok, waar hy in 2003 saam met sy pa Pieter en broer André begin boer het.

Pieter glo dat gesonde finansiële bestuur, die gebruik van die nuutste tegnologie en om die regte insetverskaffers as handelsvennote in jou boerdery te hê van kardinale belang vir volhoubaarheid is. Hy is in 2023 deur GraansA as Graanproducent-van-die-Jaar aangewys. Hy floreer op uitdagings en sal graag deur sy passie vir landboubesigheid 'n positiewe bydrae tot die gemeenskap en SSK wil maak.

ONS GROET PIET (SANDS) UYS NA 32 JAAR OP DIE SSK DIREKSIE



Piet Sands saam met sy familie.

Piet Sands het op 19 Julie 2024 uit getree na 32 jaar diens as lid van die SSK Raad van Direkteure. Hy het gedurende sy dienstermyn as lid van die Dagbestuur- (25 jaar), asook Vergoedingskomitee (25 jaar, waarvan die laaste 7 jaar as Voorsitter) gedien. Addisioneel het hy op die direksies van Southern Oil (27 jaar), SwellenMark (7 jaar) en Sentraal-Suid Beleggings (4 jaar) gedien.

Ons bedank hom vir sy waardevolle bydraes tot SSK gedurende sy ampstermyne. Sy onbaatsugtige en toegewyde diens tot die organisasie en sy lede word waardeer en sal nog lank onthou word. Ons wens hom en Janet net die heel beste toe.



LANGDIENS ERKENNING

35 JAAR: Johan Louw

20 JAAR: Willie Roberts

15 JAAR: Abrie Jooste, Charl du Plessis, Rufus Human, Bonita Thompson

10 JAAR: Jacques Thyse, Annabelle Hoek, Tronel Lourens, Sue-Len Payle, Matthews Maclune, Shane Pretorius, Liezel Daries, Radley September, Le-Caren Adams, Nevira Kiewiets, Jonathan Stevens



Johan Louw, die haan tussen die hene vier 35 jaar diens by SSK. Saam met hom is die SSK Admin dames.



Werk saam, Wen saam

**SSK IS TROTS OP
ONS VENNOOTSKAP !**

**STERKTE MET DIE
JONG-BOER-VAN-DIE-JAAR
KOMPETISIE, DEAN BARNARD!**



REËNVAL IN STREKE

STREEK	MEI 2024	JUNIE 2024	JULIE 2024
Aberdeen	0	46	7
Albertinia	12	120	63
Ashton	1	42	42
Avontuur	15	155	42
George	8	156	44
Heidelberg	17	102	45
Herold	15	176	32
Joubertina	9	113	19
Karringmelks	32	112	101
Knysna	23	152	49
Krakeel	11	119	21
Krombeksrivier	22	112	64
Misgund	5	155	32
Mosselbaai	16	138	58
Protém	23	78	112
Plettenbergbaai	34	84	35
Riversdal	17	102	45
Swellendam	13	69	104
Uniondale	0	129	20

Gellewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.

JOU NEW HOLLAND STROPER EN JY – 'N WENSPAN

Niemand kry die werk gedoen soos jy en 'n New Holland-stroper nie. Ons stropers spog met gevorderde tegnologie wat jou help om effektief, doeltreffend en volhoubaar te boer. Dit is geen verrassing dat hulle toekenning na toekenning ingepalm het, rekord na rekord gebreek het en wêreldwyd die voorkeur-stroper geword het nie.

Dit beteken dat jy en New Holland saam 'n span is wat byna onmoontlik is om uit te stof.

EERSTE PAAIEMENT
EERS BETAALBAAR IN
OKTOBER **2025**

20% DEPOSITO, 3 JAAR TERMYN



Kontak jou New Holland-handelaar vandag of bel ons:

Paul de Korte (064 752 1613) - KwaZulu-Natal, Mpumalanga

Quintus Smit (082 524 7397) - Wes-Kaap, Noord-Kaap en Oos-Kaap

Eduan Booyens (071 871 8163) - Noord Wes, Vrystaat, Gauteng en Limpopo

ALGEMENE JAARVERGADERING 2024



SSK lede luister aandagdig tydens die vergadering



Francois Swanepoel
(Hoof Uitvoerende Beampte)
aan die woord.

WENNERS VAN DIE SKOLE GRAAN- PROJEK KOMPETISIE 2023/24



Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter), die wenner Tihan le Roux en sy pa, Ian le Roux, van Le Roux Trust en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte).

SSK MEGANISASIE WERKSWINKEL OPENING OP RIVERSDAL



Die lint word geknip en die nuwe SSK Meganisasie Werkswinkel in Riversdal is amptelik ge-open. V.l.n.r.: Johannes Joubert (SSK Direkteur), Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter) en Pieter de Jager (SSK Direkteur).



SSK Werkswinkel Riversdal-span staan reg om kliënte te bedien.



Eben Klopper ontvang 'n toekenning van Le Roux van Wyk (Bestuurder) vir die eerste nuwe trekker (TS6.120) gekoop by SSK Meganisasie Riversdal.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com

Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.

Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

